

“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 22 - nr. 26)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

26 Junie 2022

EREDIENS: Dr. Petrus Venter

Erediens – 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Lukas 5: 1 – 11;

Johannes 21: 1 - 14

Teks: Lukas 5:10b; Johannes 21:3b,6

Sing- VOORAF SANG: Ps. 89:1, 4

TYDENS EREDIENS: Ps. 122:1; Ps. 65:3;

Ps. 42:1,5; Ps. 66: 3, 5

Die sewende verskyning

VAN NOU AF SAL JY MENSE VANG!

Is die grootste deel van jou lewe en werke gerig op die dinge wat tydelik is of is ons gerig met die oog op die ewige?

Lukas 5:10b - Toe sê Jesus vir Simon:

“Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang.”

Johannes 21:3b- “Ek gaan visvang.”

“Ons gaan ook saam met jou,” sê hulle vir hom.

Johannes 21:6- Hy sê toe vir hulle: “Gooi die net aan die regterkant van die skuif uit, dan sal julle iets kry.”

Hulle het die net toe daar uitgegooi, en vanweë die groot klomp vis kon hulle hom nie weer intrek nie.

Vooraf sang: Ps. 89:1, 4

Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps. 122:1

Geloofsbelydenis

Apostoliese Geloofsbelydenis

Verootmoediging en versoeningsdiens

Wet

Sing:

Ps. 65:3

Woorddiens

Gebed

Sing: Ps.42:1,5

Skriflesing: Lukas 5: 1 – 11;

Johannes 21: 1 - 14

Teks: Lukas 5:10b; Johannes 21:3b,6

Preektema

VAN NOU AF SAL JY MENSE VANG!

Is die grootste deel van jou lewe en werke gerig op die dinge wat tydelik is of is ons gerig met die oog op die ewige?

Antwoorddiens

Slotgebed

Kollekte

Liefdesdiens kollekte – Dorkas susters

By die deure – Sustentasië klassis

Slotsang

Sing- Ps. 66: 3, 5

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Vandag

In die banke: Dorkas (Susters)


By die deure: Sustentasië Klassis

Sondag: 3 Julie 2022

In die banke: DVB (Diakens)

By die deure: Bediening vir Postmasburg

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



WYK – DIENSBEURT

Sondag – 26 Junie 2022 Wyk 4

Ouderling: Br Jan de Kock

Diaken: Br Hanré Strauss

Wyksuster: Sr Cecile de Kock

VERJAARSDAE

Saterdag 25 Junie Jan de Kock

Vrydag 1 Julie Tiaan Niesing

Saterdag 2 Julie Ilze Coetzee

Sondag 3 Julie Jacoba Burger

Vrydag 8 Julie Jacques Thirion

Sondag 10 Julie Jan Venter

Woensdag 20 Julie André Erasmus

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

LIEF EN LEED

Die Swiegers familie is in ons gebede. Sr Annatjie se suster is oorlede, br Kobus is ook nie gesond nie en moet in nabye toekoms dikderm operasie ondergaan. In die week het hulle seun ook ingewand-operasie moes ondergaan. Ons gebed is dat die Here julle deur al hierdie swaar mag dra en naby wees.

Sr Bettie Snijman bid ons herstel toe na haar skouer-operasie verlede week. Sr Charissa het gemeld dat sr Bettie maar nog seer het. Ons vertrou daar kom spoedige beterskap.

Sr Fransie Venter het Covid onder lede. Sy word nog geïsoleer. Ons gebed is dat sy ook weer gou ten volle mag herstel.

Oudl. Leendert Snyman het skeefgetrap en voet seergemaak. Ons vertrou hy ook weer gou ten volle op die been sal wees.

Br Jan en sr Truia Venter is beide ook nie heeltemal gesond nie. Ons is dankbaar vir die mate van beterskap wat daar wel reeds is.

Diak. Wikus en sr Anita Pretorius se eersteling moet in hierdie dae gebore word. Ons vertrou dat alles sal goed gaan.

Diak. Hanré Strauss se pa vertrou ons dat daar vir hom ook beterskap mag wees.

OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R552 063 -00
Totaal van dankoffers vir Mei 2022	R59 500-00
Totaal van dankoffers vir Junie tot op hede	R41 280 -00
Gemiddelde dankoffer per besoekpunt oor 12 maande	R696-00 vir 2021/2022 boekjaar
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 191 012-87
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 240 328-31
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode)	R921-00

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Ons katekisasie werk en roosters is op ons webwerf gelaai. Dit is beskikbaar by <http://bit.ly/2KhypYe>
Laerskool-katgeses Geen Laerskool katgeses vandag nie.

Hoërskool – katgeses Alle Hoërskool-kindere se katekisasie word elektronies aangebied. Die elfde les vir hierdie jaar is opgelaai. Hierdie les se werk moet voor Dinsdag 2 Augustus ingehandig wees.

Ouers en kindere kan die huidige les aflaai by <https://youtu.be/wVVhQDEW7U0>

BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

Ons het ons Bybelstudie rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

HUIS JAN VORSTER (HJV)

'n Woord van besondere dank na die oproep vir skenking van seep aan Huis Jan Vorster. Ons het berig ontvang dat daar ruim skenkings ingekom het. Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.

Sondag-aande is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word. Dit begin om 19h00 en staan bekend as 'n Aand-Ateljeediens.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwickelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op 'n besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Diakonievergadering – 7 Augustus 2022 (ná die erediens)
Kerkraadsvergadering- Woensdag 17 Augustus 2022 om 18h00

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg
E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za
Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert@webmail.co.za
Admin Beampste	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>


<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning 19/6/2022	24
Kollekte Diakonie 12/6/2022	R 2593-00
Kollektes by deure 19/6/2022	R 320-00
Kollekte Dorkas susters 29/5/2022	R 1779-00-00
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	(SnapScan)

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782



Ons het weer 'n goeie voorraad hout om te koop aan te bied. Dit is in die teekamer beskikbaar. Koste is R25-00 per sakkie. As u 20 of meer sakkies tegelyk aankoop dan kos dit R20-00 per sakkie. U kan die koster, br Francois Marais (076 612 2255) of dr Petrus kontak as u graag van die hout wil aanskaf.

**'n Mens kan nie sy ervaring op pensioen plaas nie
(Bernard Baruch 1870 – 1965 -Amerikaanse bankier en ekonoom)**

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za